# 1 Februarie 2024 - Lesing 229 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Verandering van die wese tot liefde met die hulp van JaHshua Messias – 15/10/61

**NO: 8019** Die lewensweg oor die aarde as mens, is die **laaste kort fase** van julle ontwikkelingsgang vanuit die diepste diepte omhoog.

Maar of dit julle die beëindiging bring, bepaal julle as mens self, waaraan die vrye wil weer aan julle teruggegee is en julle dit nou korrek sal moet gebruik om die laaste volmaaktheid te bereik. Daarom dra julle 'n groot verantwoordelikheid, omdat julle self besluit wat julle lot is, weer vir ‘n eindelose lang tyd of vir die ewigheid.

Julle sal met 'n korrekgerigte wil kan vry word van elke uiterlike vorm, wanneer julle julle aardse liggaam verlaat. Maar julle kan ook weer opnuut die hardste uiterlike vorm betrek, as julle die vryheid van julle wil misbruik, as julle die lewe op aarde nie benut nie, as julle die omvorming van julle wese nie voltrek, wat weer liefde moet word soos dit was in die allereerste begin nie.

**Hierdie omvorming van julle wese tot liefde is die enigste doel van julle lewe op aarde as mens**. En julle het ook steeds die moontlikheid om die omvormingswerk te volbring, omdat Ek julle waarlik alle ondersteuning ten deel laat val.

Want Ek verlang vurig na My skepsele, dat julle as “kinders” na My sal terugkeer. En Ek doen ook waarlik alles sodat julle jul doel bereik. Maar julle wil maak Ek nie onvry nie.

Julle moet self na My terugkeer in vrye wil, soos julle eens van My weggegaan het en daardeur in die diepste diepte gestort het. Ek hou rekening met alle swakhede en foute. Ek sit hand by waar julle mense alleen te swak is. **Ek openbaar My aan julle**, sodat julle leer om My te herken en lief te hê. Ek oorstelp julle met 'n mate van genade wat onbeperk is, wat julle maar net hoef te gebruik om oorwinnaars te kan word in die aardse lewe.

Want julle sal 'n stryd moet voer met My teenstander wat julle nie wil prysgee nie, **maar wat ook julle vrye wil nie kan beïnvloed, as julle julself van hom afwend nie.**

Want julle sal moet stry teen alle aandrifte en begeertes wat nog aan julle siel kleef. **Julle sal ‘n vaste wil moet hê om vooruit te gaan** en die lewensweg op die aarde met sukses af te lê.

Julle moet na My verlang en waarlik, Ek sal julle tegemoet kom en julle na My toe trek, om julle ewig nie weer los te laat nie. Want Ek het julle lief en daarom verlang Ek vurig na julle terugkeer na My.

En julle sal nooit hoef te vrees dat die krag julle sal ontbreek vir julle voltooiing nie, **want Een het dit vir julle verwerf deur Sy dood aan die kruis:**

JaHshua Messias, wat julle verlos van sonde en dood.

En hierdie Ene sal julle die genade van Sy verlossingswerk laat toekom, **as julle daarom vra**, as julle wil hê dat Hy ook julle sondeskuld totnietmaak en as julle Hom vra om versterking van julle wil om die omvormingswerk tot liefde op aarde te volbring.

Sodra julle, julself tot Hom keer, sal julle My ook weer erken en **dan is julle terugkeer na My verseker**, julle tuiskoms in die vaderhuis, wat julle eens vrywillig verlaat het.

Gedurende die kort lewe op aarde sal julle waarlik die laaste doel bereik, as julle maar vir JaHshua Messias sal erken as Verlosser van die wêreld, **wat My Self in alle volheid in Hom dra.**

Want deur hierdie erkenning en die versoek om vergewing van julle skuld, is julle oersonde van afval van My tot niet gemaak, omdat die Mens JaHshua daarvoor aan die kruis gesterf het, sodat Hy met Sy bloed boete gedoen het vir die groot skuld, ter wille van die geregtigheid.

**Julle self sou nooit hierdie skuld kon aflos en boete daarvoor doen nie**. Daarom het Ek in die Mens JaHshua die dood aan die kruis gesterf, omdat slegs die Liefde van so 'n dergelike skuld kan bevry, wat die Mens JaHshua vir Sy lydende broeders opgebring het en wat Hy vervul het deur alle lyding en smarte op Homself te laat neem.

Maar die Liefde was Ek Self.

En daarom word vir julle mense die weg na My weer vry. Julle kan terugkeer in julle Vaderhuis. Ek kan julle weer aanneem as My kinders, omdat julle skuld tot niet gedoen is deur JaHshua, as julle Hom erken en dus **vir My in Hom, want Hy en Ek is Een.** Wie Hom aanroep, roep My aan en wie Hom eendag mag sien, die sien My van aangesig tot aangesig. Amein.